LINDA KRY 'N TWEEDE KANS

Linda was n dogtertjie van 9 toe hul gesin by die CMR aangemeld is deur die skool. Linda se gereelde afwesigheid van die skool en voorkoms het kommer gewek. Erge verwaarlosing wanweë grotendeels omstandighede buite hul beheer. Mamma was terminaal siek met kanker. Pappa se een been was net aan die bokant van die een knië geamputeer, asook die tone aan die oorblywende voet. Pappa moes op sy sitvlak rondskuif om by alles te kom in die huis. Linda was 'n intelligente kind, maar het vir baie dinge by die huis moes sorg en kon om dié rede party dae nie by die skool uitkom nie.

Linda was aanvanklik in 'n tydelike plek van bewaring geplaas. 'n Week na Linda verwyder is, is haar mamma oorlede. Linda is in een van CMR se pleeghuise geplaas. Haar pa is 'n jaar na haar ma oorlede. Linda het 'n veilige hawe gevind binne 'n gesinsopset. Sy het 'n tweede kans gekry om tot haar volle potensiaal te ontwikkel. Sy is tydens die 2017 skoolprysuitdeling aangewys as die beste leerling in Wiskunde van graad 6. Sy is ook verkies as onder-hoofleier van haar skool.

Baie dankie aan haar pleegouers wat haar met soveel liefde en deernis versorg.